

Naam: _____

VRAAG EN AANBOD



Die ontleding van vraag en aanbod is 'n ekonomiese instrument wat gebruik word om die gedrag van huishoudings (kopers van goedere en dienste) en besighede (die verskaffers van die goedere en dienste) te bestudeer.

1. VRAAG (huishoudings)

"Aanvraag" is die bedoeling wat huishoudings het om 'n produk te koop en dat hulle die geld het om dit te doen.

Definisie: Die aanvraag verwys na die hoeveelheid goedere en dienste wat die potensiële koper bereid is om te koop en in staat is om te koop tydens 'n sekere tydperk.

1.1. Die volgende faktore bepaal die aanvraag:

- Die prys van die produk d.w.s. hoe laer die markprys, hoe meer sal aangevra word
- Die prys van verwante produkte bv. brood, botter, konfyt en kaas
- Die inkomste van die verbruiker
- Die voorkeur (smaak) van die verbruiker
- Die grootte van die huishouding

Besikbaarheid en aanbod beïnvloed nie die aanvraag nie.


Om markaanvraag te illustreer maak ons gebruik van syfers in die vorm van 'n skedule (Aanvraagskedule) en ons maak gebruik van 'n grafiek (Aanvraagkurwe).

Voorbeeld: Die maandelikse markaanvraag (totale vraag) van mikrogolwe teen gegewe pryse vir 2011.

Skedule

Prys per Mikrogolf	Hoeveelheid mikrogolfoonde aangevra teen 'n gegewe prys
R 2 500	100
R 2 000	300
R 1 500	400
R 1 000	500
R 500	600

Grafiek toon die maandelikse aanvraag van mikrogolfoonde vir 2011




Jy sal opmerk dat hoe hoër die prys, hoe laer die aanvraag en hoe laer die prys hoe hoër is die aanvraag.

AKTIWITEIT 1

Gebruik die data in die gegewe aanvraagskedule en teken die grafiek wat die markaanvraag toon vir 2011. Gee jou grafiek 'n opskrif.

Prys per ketel	Hoeveelheid ketels in aanvraag teen 'n gegewe prys
R 350	100
R 300	150
R 250	200
R 100	250
R 50	300



Naam: _____

2. AANBOD (VOORSIENING) (Besighede)

"Voorsiening" is die beplande hoeveelheid goedere wat deur die besigheid, boere, ens. verskaf moet word.

Definisie: Verskaffing verwys na die hoeveelheid goedere of dienste wat produsente beplan om te verkoop teen elke moontlike prys tydens 'n sekere tydperk.

2.1. Die volgende faktore bepaal voorsiening (aanbod):

- Die prys van die produk bv. hoe hoër die markprys hoe meer sal 'n boer voorsien.
- Die pryse van plaasvervangende produkte d.w.s goedere wat in die plek van 'n ander produk gebruik kan word, bv. botter en margarien.
- Koste van die produksiefaktore en ander insette - hoër insetkoste beteken hoër produksiekoste en omgekeerd.
- Verwagte toekomstige pryse bv. 'n boer kan verwag om hoër pryse op die mark te kry vir sy tamaties, sodoende verskaf hy meer; of 'n koring boer kan sy voorraad hou totdat die pryse verhoog.
- Die stand van die tegnologie bv. gebruik van nuwe kunsmis kan die boere se opbrengs verbeter.


Die vraag beïnvloed prys en die prys beïnvloed verskaffing.

Om voorsiening te illustreer maak ons gebruik van syfers in die vorm van 'n skedule (aanbodskedule) en ons gebruik 'n grafiek (aanbodkurwe).

Voorbeeld: Die moontlike markvoorsiening (totale aanbod) van fietse teen gegewe pryse vir 2011.

Skedule

Prys per fiets	Hoeveelheid fietse verskaf teen 'n gegewe prys
R 5 000	4000
R 4 000	3000
R 3 500	2500
R 2 500	1000
R 1 000	500



Jy sal opmerk dat hoe hoër die prys, hoe groter die aanbod en hoe laer die prys hoe laer is die aanbod.

AKTIWITEIT 2

Maak gebruik van die data in die gegewe aanvraagskedule, teken 'n grafiek om markaanbod (verskaffing) vir 2011 aan te toon. Gee jou grafiek 'n opskrif.

Prys per tent	Hoeveelheid tente verskaf teen 'n gegewe prys
R 700	500
R 600	450
R 500	400
R 300	200
R 100	100

NB. Use tools on Adobe Acrobat to draw your graph

